

Skuiwe in die sakewêreld



Jenny Smith is deur Chartis as winsentrum-bestuurder vir eiendom aangestel.



Mary-Anne Lakin is aangestel as hoofbestuurder van Salon Media & Fitting Exposure, 'n filiaal van TLC Unlimited.



Dave Frankel is deur ComutaNet as hoofbestuurder: nuwe ondernemings aangestel.

VRUGGEBRUIK

Sê wat jy bedoel in testament



RAAD MET JOU RANDE

NICO VAN GIJSEN

'n Leser skryf sy vrou is verlede jaar oorlede en hy sit nou met die probleem van vruggebruik wat in die testament geskep is.

Hulle het 'n gesamentlike testament gehad waarin sy oorlede vrou sekere vaste eiendom aan haar kinders uit 'n vorige huwelik bemaak het met 'n lewenslange vruggebruik daarvan aan die leser.

Sy het ook in 'n latere klousule die restant van haar boedel - dit is die spreekwoordelike "alles wat oorbly" nadat verpligtinge nagekom is - aan haar kinders bemaak, ook met 'n vruggebruik dáárvan aan die leser.

'n Deel van restant sluit 'n bedrag kontant in. Van die kinders van die leser se vrou het beswaar aangeteken by die mees-ter van die hof op grond daarvan dat hy hul

stiefpa is. Hulle dring daarop aan dat die geld in hul naam belê word en dat die leser net geregtig moet wees op die rente-inkomste daarop.

Wat is 'n vruggebruik? Die bate, gewoonlik 'n vaste bate, maar nie-vaste bates kan ook kwalifiseer, vererf (as ons praat van 'n vruggebruik wat by dood geskep word) na 'n bepaalde persoon.

Hierdie persoon, die blooteienaar, besit daardie bate, maar vir die duur van die vruggebruik het die vruggebruiker die volle reg op al die "vrugte", ofte wel die genot, van die vruggebruikbate.

Die probleem in ons leser se geval is die kontant. Ons howe het reeds aangedui dat 'n vruggebruik van aandele wel moontlik is, maar oor kontant hang daar vraagstukke. Ons kan nie werklik praat van 'n vruggebruik nie, maar wel van 'n kwasi-vruggebruik.

Nietemin, die feit dat die man 'n stiefpa is, is geen regverdiging vir die kinders om beswaar aan te teken nie.

Ek sien ook geen regsgronde waarop óf die meester óf die eksekuteur hulle aan die kinders se beswaar hoef te steur nie.

In dié spesifieke geval is daar boonop in die testament bepaal dat die leser nie sekuriteit hoef te verskaf nie.

Dit is sy reg om die volle bedrag geld in sy eie naam te belê soos hy wil. Hy is geregtig op die volle opbrengs daarop vir homself.

Hy is bloot onder 'n verpligting om by sy

dood 'n gelyke bedrag beskikbaar te stel vir verdeling tussen die kinders van sy oorlede eggenoot.

Dit is egter 'n probleem wat vermy kon word as die opsteller van die testament geweet het wat hy doen.

My lees van die testament laat my dink dat wat bedoel is, is dat die opbrengs of voordele uit die vaste eiendom deur die langlewende benut kon word, maar dat dit ná sy dood na die kinders sou gaan. In so 'n geval maak die vruggebruik sin.

Die bemaking van die restant maak nie sin nie. Die bedoeling was waarskynlik dat die langlewende dit moes erf, maar dat dít wat dan oorbly by sy dood na die vrou se kinders sal oorgaan. Dit is nie wat 'n vruggebruik doen nie.

'n Ander beperkte reg bekend as 'n fideicommissum residue sou wel dié gewenste uitwerking hê.

Ons howe het reeds in 'n geval waar 'n vruggebruik in 'n testament genoem is, beslis dat wat bedoel was eerder 'n fideicommissum is.

Hofsake is egter duur. Dit is beter om van die begin af jou testament deur 'n fidusiêre spesialis te laat opstel. Jou testament is 'n regsdocument en daar moet regsbetekenis aan gegee word.

► Nico van Gijsen CFP® is die besturende direkteur van Fimlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@fimlac.com.